



Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

MOSIES

FEITEBLAD 9

HERSIENING 1, 4 JULIE 2016

’n Mosie kan omskryf word as ’n voorstel van ’n Lid dat die Huis iets moet doen, of as die opdrag dat iets gedoen moet word of dat die opinie van die Huis oor ’n sekere saak uitgespreek moet word.

Mosies kan deur enige Lid voorgestel word en dit is op hierdie manier waarop die Huis sake oorweeg wat Lede self voorstel in teenstelling met “regeringsake” wat deur middel van Wetsontwerpe ingedien word.

Wetsvoorstelle word normaalweg ooreenkomstig die staande reëls by die Huis ingedien en in die meeste gevalle vind hul hul oorsprong in die Uitvoerende Gesag.

Die sake van die Huis word deur die swepe bepaal en dit hang dus van hulle besluite af of en wanneer ’n mosie vir oorweging voorgestel sal word.

Nadat ’n mosie op die Ordelys vir oorweging op ’n gegewe dag geplaas is, is dit die verantwoordelikheid van die Lid in wie se naam die mosie verskyn om daardie mosie op die toepaslike tyd voor te stel. Indien ’n Lid nie sy/haar mosie voorstel nie, verval die mosie en word dit nie deur die Huis oorweeg nie behalwe as ’n ander Lid deur die betrokke Lid gemagtig is om namens hom/haar die mosie voor te stel.

’n Mosie mag nie onvanpaste uitdrukkings bevat nie, mag nie die staande reëls oortree nie, mag nie spottend aangebied word nie en mag nie ten doel hê om bloot ergernis te veroorsaak nie. Die reëls maak daarvoor voorsiening dat mosies wat die praktyk of reëls oortree, gewysig mag word of andersins deur die Speaker na goeddunke hanteer mag word.

’n Mosie moet op sodanige manier verwoord word dat dit, indien daartoe ingestem word, die uitdruklike oordeel of wil van die Huis in ’n bondige formaat weergee. Dit mag nie die vorm van ’n beredeneerde argument aanneem nie en enige motivering moet deur die Lid aangebied word wanneer die Lid die mosie in die Huis voorstel.

Wanneer ’n mosie op die Ordelys op ’n gegewe sittingsdag aan die beurt kom, moet die Lid in wie se naam die mosie aangebied word, opstaan en die mosie formeel voorstel. Hy/sy mag die mosie voorstel en dit motiveer as tyd vir ’n debat daarvoor ingeruim is. Lede mag wysigings aan die mosie voorstel. Aan die einde van die debat word geleentheid gegee vir die Lid wat die mosie voorgestel het, om op die debat te reageer voordat dit aan die Stoel vir besluitneming voorgelê word.